

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 2

5 FEBRUARIE 2021

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Ek kan nie glo dat dié al die derde skrywe van die skool die jaar is nie; en nog geen kind was by die skool nie. In die uitdagende tye waardeer ons u ondersteuning as skoolgemeenskap en weet verseker dat alles moontlik is met die hulp van ons Hemelse Vader. Laat ons saam staan om in die onseker tyd nog steeds 'n positiewe leerervaring vir u kind te kan skep.

Baie welkom aan al ons nuwe ouers en leerlinge wat by Laerskool Newtonpark aangesluit het. Mag u tyd saam met ons geseënd en tot voordeel van u kinders wees.

INLIGTINGSAANDE
Graad R tot 3
Die graad R- tot 3-onderwyseresse gaan hulle ouers persoonlik volgende week sien. U as ouers gaan oor twee aande volgens die groepe wat u kind ingedeel is, die oueraand bywoon. Groep A se ouers gaan Woensdag, 10 Februarie en groep B Donderdag, 11 Februarie die oueraand bywoon. Die skool se hoofhek sal vir graad 1- tot 3-ouers vanaf 17:15 oopgemaak word. Die graad R-ouers kan by die graad R-gebou se hek aanmeld. Gesprekke sal van 17:30 tot 18:30 plaasvind.

Die graad R assisstente sal help met die skandering van ouers in die voorportaal. Elke ouer moet vooraf die skanderingsvormpie aflaai van D6 om by die huis te voltooi, sodat dit net nodig is om hul koors in te vul as hulle geskandeer word. **Geen vorm - geen toegang.** Indien ouers by meer as een graad moet wees, mag hulle die volgende aand by die ander groep inskakel.

Graad 4 tot 7
Die graad 4- tot 7-onderwysers gaan video's maak van wat hulle wil deurgee aan die ouers. Mnr. Grundling sal dié video's Woensdag, 10 Februarie, op die "google cloud" plaas. Skakels ("links") om toegang te verkry tot die video's, sal deur middel van D6 en SMS'e aan die ouers gestuur word.

Ouers wat afsprake wil maak kan onderwysers per e-pos kontak. Die onderwysers sal dan 'n tyd vir die besoek wat beide pas, reël.

ONS PLAN VIR DIE TERUGKEER VAN LEERLINGE
Die skool gaan weer op 'n 10-dag siklus vir al die grade **(behalwe graad 7)** funksioneer, waar groepe op alternatiewe dae skool toe kom. Dit sal lei tot 'n eweredige verspreiding van kontaktyd en sal ook verseker dat sosiale distansiëring gehandhaaf kan word, aangesien daar nie meer as 50% leerlinge per klas sal wees nie. Elke leerling sal sy eie bank met 1,5 meter tussen die leerlinge in lokale kan hê.

Die klas word in twee verdeel. Groep A kom Maandag skool toe, terwyl groep B tuis bly. Dinsdag kom groep B skool toe, terwyl groep A weer tuis bly. **Die kwartaalprogram dui elke dag aan watter groep by die skool moet wees. (op D6 beskikbaar)**

Vir die dae waarop die spesifieke groep nie skool toe kom nie, sal daar tuisstudie-opdragte gegee word, sodat die beskikbare tyd maksimaal benut kan word en alle akademiese werk gehanteer kan word.

KLASINDELINGS EN GROEPE
Baie dankie vir almal wat ons laat weet het waar daar botsings was. Die nuutste aangepaste lys met die klasindelings en die verdeling in groepe is reeds weer op D6 geplaas

Maak asseblief weer seker dat al u kinders in dieselfde groepe geplaas is, sodat hulle dieselfde dag skool toe kom. Indien dit nie so is nie, moet u die skool so gou as moontlik kontak sodat ons die aanpassings kan maak.

SKOOLDRAG
Die leerlinge moet van **15 Februarie 2021** die korrekte somersdrag aantrek. Die voorskrifte daarvoor verskyn onder die bronne-afdeling op die D6-skoolkommunikeerder. Dié van u wat nog nie die korrekte klere aangeskaf het nie, het dus nog volgende week kans om dit te doen.

U moet ook sorg dat u die korrekte LO-drag het vir u kind. Die leerlinge gaan in die Covidtyd toegelaat word om sportklere skool toe, wanneer hulle LO het aan te trek.

NASORG
Die nasorg sal weer vanaf Maandag 8 Februarie 2021 by ons sportveld begin. Die leerlinge kan dan van 07:15 by die sportveld afgelaai word. Ouers wat belangstel moet Mev. Laas so spoedig moontlik kontak om vorms aan te vra. Die vorms moet dan so spoedig moontlik voltooi word en na fin@lnpark.co.za ge-e-pos word.

Daar is sekere bepalings vir die voldagnasorg:
- Slegs leerlinge wie se nasorggeld vooruitbetaal is, sal toegelaat word.
- Net ‘n beperkte getal nasorgleerlinge kan die voldagnasorg bywoon, om 1,5m distansiëring te verseker.
- Sifting sal soggens by die nasorgklasse gedoen word. Elke leerling moet dus sy voltooide siftingsvorm saambring om toegang tot die klubhuis te verkry.
- Pak asseblief genoeg eet- en drinkgoed in, want dit is ‘n lang dag.
- Die leerlinge kom in gewone klere skool toe.

Die geen-verdraagsaamheidsbeleid ten opsigte van dissipline en die navolg van COVID-19-prosedures, asook die gedragskode van die skool is ten volle van toepassing by die nasorg.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 4 MAART 2021
Ek kan byna nie glo dat die huidige beheerliggaam se termyn van 3 jaar amper versteke is nie. Die verkiesing van die nuwe beheerliggaam vind op **Donderdag 4 Maart 2021** plaas. Teken solank die datum van die belangrike verkiesing in u dagboeke aan.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R15 500	R1 550	R1 410
Tweede kind	R14 100	R1 410	R1 282
Derde kind	R 9 800	R 980	R 891
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R15 500	R1 550	R1 410
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL			
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	
13:00/13:30 – 14:15	R 5 100	R 1 275	
13:00/14:15 – 17:30	R 7 520	R 1 880	
13:00/13:30 – 17:30	R 8 800	R 2 200	

MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR	
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**
1	R200
2	R310
3	R450

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2021 sal 'n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2021 'n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms per e-pos by Mev. Laas aanvra en **voor of op 29 Februarie 2021**, vir oorweging deur die beheerliggaam, indien. Die aansoek dokumente moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees. Aansoeke moet na fin@lnpark.co.za ge-e-pos word.

Geen vrystellings wat in 2020 toegestaan is, word na 2021 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

‘n Fout word ‘n les. Pyn word ‘n doel. ‘n Gemors word ‘n boodskap. ‘n Toets word ‘n getuigskrif. ELKE struikelblok word ‘n geleentheid. Maak nie saak hoe sleg jou situasie is nie – neem die les!

Tony A. Gaskins Jr.

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE NUWE KWARTAAL:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 8 Februarie	:	Nasorg by sportgronde : **07:15 – 17:30** Klerewinkel **07:30-12:00**
Di – 9 Februarie	:	Vakansienasorg by sportgronde : **07:15 – 17:30**
Woe – 10 Februarie	:	Nasorg by sportgronde : **07:15 – 17:30** Klerewinkel **12:00-14:30** **GROEP A** : Inligtingsaand vergadering Graad R – 3 **17:30 – 18:30** Graad 4 – 7 : Inligtingsvideo’s beskikbaar op D6 + SMS
Do – 11 Februarie	:	Nasorg by sportgronde : **07:15 – 17:30** **GROEP B** : Inligtingsaand vergadering Graad R – 3 **17:30 – 18:30**
Vr – 12 Februarie	:	Nasorg by sportgronde : **07:15 – 17:30** Klerewinkel **07:30-12:00**
Ma – 15 Februarie	:	Skool heropen om **07:45** **GROEP A BEGIN**